



Nie Rapporteerbaar -
36/98

SAAK NR: 99/97

CPD

***DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL
VAN SUID-AFRIKA***

In die saak tussen:

LOUIS GRUNDLING

APPELLANT

en

DIE STAAT

RESPONDENT

CORAM:

**SMALBERGER, EKSTEEN ARR *et* MELUNSKY
WnD AR**

VERHOORDATUM:

5 MEI 1998

LEWERINGSDATUM:

19 MEI 1998

UITSPRAAK

SMALBERGER AR: ...

SMALBERGER AR:

Die appellant is in die Streekhof te Goodwood in die Wes-Kaap skuldig bevind aan 'n aanklag van menseroof (aanklag 1) en twee aanklagte van verkragting (aanklagte 2 en 3). Op aanklag 1 is hy een jaar gevangenisstraf opgelê. Op elk van aanklagte 2 en 3 is hy gevonniss tot agt jaar gevangenisstraf waarvan drie jaar voorwaardelik opgeskort is. Dit is gelas dat die vonnis op aanklag 1 gesamentlik uitgedien moet word met die vonnisse op die ander twee aanklagte. Die effektiewe vonnis opgelê het dus tien jaar gevangenisstraf beloop. Daarbenewens was daar 'n opgeskorte vonnis van ses jaar. Die appellant se appèl teen sy skuldigbevindings en vonnisse is deur die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling van die destydse Hooggeregshof van die hand gewys, maar hy is verlof verleen om na hierdie Hof in hoër beroep te kom teen die opgelegde vonnisse.

Die gebeure wat tot die skuldigbevindings aanleiding gegee het, kan kortliks saamgevat word. Om ongeveer 21:00 op 11 Oktober 1993 was die klaagster, 'n 14-jarige meisie, destyds nog 'n maagd, op pad huistoe vanaf 'n nabygeleë kafee waarheen sy deur haar oom gestuur is om sigarette te gaan koop. Die appellant het haar in sy motor voorgelê. Hy het reeds vroeër die aand sonder welslae toenadering tot haar gesoek. Toe die klaagster by sy motor verbystap, het hy uitgeklim en haar voorgekeer. Sy het vir hom gesê dat sy huistoe moes gaan. Hy gryp haar toe en dwing haar in die motor aan die passasierskant in. Hy het bo-op haar geklim, en ondanks haar smekinge en sparteling het hy daarin geslaag om haar onderklere te verwyder en teen haar wil geslagsomgang met haar te hê. Blykbaar omdat daar mense in die omgewing opgemerk is, het die appellant met die klaagster gery na 'n afgesonderde sportveld in die nabyheid waar hy haar vir die tweede keer verkrag het, in weerwil van haar

voortgesette pleidooie en teenstand. Hy het haar toe gaan aflaai ongeveer 'n blok vanaf haar woonplek. Hy het haar met geweld gedreig indien sy haar moeder sou vertel wat hy gedoen het.

Die klaagster het verskeie beserings opgedoen as gevolg van die appellant se hardnekkige optrede ten einde sy doel met haar te bereik. Dié aan haar geslagsdele was ernstig van aard en aanduidend van die geweld waarmee geslagsgemeenskap plaasgevind het. Die voorval het wel 'n nadelige sielkundige uitwerking op die klaagster gehad, alhoewel daar nie getuienis is dat sy enige permanente psigiese skade sal ly nie. Soos deur die verhoorlanddros bevind, "[d]ie voorval het ook klaagster se lewe in dié sin verander dat sy nie meer met seuns kan kommunikeer nie. Sy het teruggetrokke geraak, vertrouwe in haar medemens verloor, haar skoolwerk het agteruitgegaan, sy is senuweeagtig en sy sukkel tans om te konsentreer."

Die appellant was 27 jaar oud en 'n eerste oortreder ten tye van die voorval. Hy was destyds verloof en het saam met sy verloofde gewoon. Hy het sy eie sekuriteitsbesigheid gehad. In die loop van sy uitspraak op die meriete het die verhoorlanddros die volgende van die appellant gesê:

“Beskuldigde is arrogant, in sommige opsigte selfs verwaand. Hy het skynbaar geen probleem om meisies te kry of seks met hulle te hê nie. Hy is nie gewoond daaraan dat hulle vir hom 'n koue skouer gee nie. Hy kry gewoonlik wat hy wil hê. Hy is ook blykbaar trots daarop dat hy reeds in standerd 6 met matriekmeisies kon uitgegaan het, ook dat hy al met 'n maagd gemeenskap gehad het.”

Daar is toegegee dat die appellant nooit enige berou vir sy optrede getoon het nie. Volgens die verhoorlanddros is die voorkomssyfer van verkragting in sy streekafdeling besonder hoog.

Dit is geïkte reg dat vonnisoplegging by die diskresie van 'n voorsittende regsamptenaar berus. 'n Hof van appèl sal alleenlik ingryp en 'n vonnis verander waar sodanige diskresie nie op 'n behoorlike of redelike

wyse uitgeoefen is nie. In wese kom dit daarop neer dat inmenging net kan geskied waar getoon kan word dat daar 'n wesenlike mistasting was met betrekking tot vonnis, of waar daar 'n onreëlmatigheid was, of waar die vonnis onredelik of skreiend onvanpas is.

Na skuldigbevinding het die appellant se regsverteenwoordiger aansoek gedoen om 'n uitstel vir die verkryging van 'n korrektiewe beampteverslag met die oog op die toepaslikheid van korrektiewe toesig as 'n vonnisopsie. Die aansoek is van die hand gewys. Daarna is egter ruim geleentheid aan die verdediging gebied om getuienis ter versagting van vonnis aan die hof voor te lê, en het die appellant en sy moeder wel getuienis in die verband afgelê. Op appèl is betoog dat die verhoorlanddros "misgetas" het deur te weier om 'n verslag van 'n korrektiewe beampte aan te vra.

Na my mening steek daar niks in die betoog nie. Luidens artikel

274(1) van die Strafproseswet 51 van 1977 (“die Wet”) het die verhoorhof ’n diskresie aangaande die aanhoor van getuienis “wat hy goedvind ten einde homself in te lig oor die gepaste straf om op te lê.” Die aanvra van ’n korrektiewe beampte se verslag sou geen doel gedien het as korrektiewe toesig kragtens artikel 276(1)(h) van die Wet nie redelikerwys as ’n aanvaarbare vonnisopsie beskou kon word nie. Artikel 276A(1)(b) van die Wet bepaal dat straf kragtens artikel 276(1)(h) slegs opgelê word vir ’n bepaalde tydperk wat nie drie jaar te bowe gaan nie. In die onderhawige geval was die aard en omstandighede van die misdade sodanig dat die appellant klaarblyklik ’n vonnis van meer as drie jaar opgelê moes gewees het. Korrektiewe toesig was dus geensins ’n vonnisopsie nie en die aanvra van ’n verslag sou net ’n verkwisting van tyd, mannekrag en geld gewees het. Deur nie ’n verslag aan te vra nie het die verhoorlanddros myns insiens nie “misgetas” of in enige opsig onreëlmatig opgetree nie.

Daar is verder betoog dat die verhoorlanddros by vonnisbepaling misgetas het deur nie 'n behoorlike verskil te tref tussen die twee verkragtingaanklagte nie, en die feite en omstandighede wat net op die een betrekking gehad het ook op die ander van toepassing gemaak. Sodoende, is beweer, het hy dubbele gewig aan sekere verswarende faktore geheg. Weliswaar het die verhoorlanddros nie in sy uitspraak op vonnis uitdruklik tussen die twee aanklagte onderskei nie. Hy het die oorkoepelende verswarende faktore uiteengesit en aan die hand daarvan die vonnis op elk van die verkragtingaanklagte bepaal. Dit beteken egter nie dat hy nie bewus was van welke verswarende faktore van toepassing was op die een, die ander of albei aanklagte nie. Sy uitspraak spreek deurgaans van 'n weldeurdagte, ewewigtige benadering ten opsigte van vonnis en ek is nie oorreed dat hy enigsins misgetas het soos beweer nie. Na my mening was

hy geregtig om albei gevalle as ewe ernstig te beskou vir vonnisdoeleindes.

Laastens is betoog dat die opgelegde vonnisse, minstens kumulatief gesien, onredelik swaar is. In die onlangse saak van *S v Chapman* 1997(2)

SASV 3 het die Hoofregter en twee ander lede van hierdie Hof hulle soos volg uitgelaat (op 5 a - e):

“Rape is a very serious offence, constituting as it does a humiliating, degrading and brutal invasion of the privacy, the dignity and the person of the victim.

The rights to dignity, to privacy and the integrity of every person are basic to the ethos of the Constitution and to any defensible civilisation.

Women in this country are entitled to the protection of these rights. They have a legitimate claim to walk peacefully on the streets, to enjoy their shopping and their entertainment, to go and come from work, and to enjoy the peace and tranquillity of their homes without the fear, the apprehension and the insecurity which constantly diminishes the quality and enjoyment of their lives....

The Courts are under a duty to send a clear message to the accused, to other potential rapists and to the community: We are determined to protect the equality, dignity and freedom of all

women, and we shall show no mercy to those who seek to invade those rights.”

In die lig hiervan, en die besondere omstandighede van die onderhawige geval, veral die feit dat die appellant berekend te werk gegaan het en dat sy slagoffer 'n onskuldige, ongekunstelde 14-jarige maagdelike meisie was teenoor wie hy op 'n gevoellose en brutale wyse opgetree het, kan die opgelegde vonnisse, ofskoon swaar, nie as onredelik hoog beskou word nie - nóg wat betref die effektiewe vonnis van tien jaar gevangenisstraf nóg wat betref die bykomende opgeskorte ses jaar gevangenisstraf. Sover dit laasgenoemde aangaan, gesien die verhoorlanddros se opmerkings ten opsigte van die appellant, sal die opgeskorte vonnis as 'n gepaste afskrikmiddel dien na die appellant se vrylating. Indien hy hom egter voortaan gedra soos dit 'n regsgehoorsame

burger betaam, het hy geen rede om te vrees dat dit ooit in werking gestel
sal word nie.

Die appèl word gevolglik van die hand gewys.

J W SMALBERGER
APPÈLREGTER

EKSTEEN AR)Stem Saam
MELUNSKY Wnd AR)